

HOOFSTUK 1

ORIËNTERING

1.1 INLEIDING : DIE TEMA EN DIE TITEL VAN DIE NAVORSING

Die kerk staan voor die uitdaging om die evangelie binne die geloofsgemeenskap en die wêreld te laat kommunikeer (Vos 1991:3). Aangesien die kerk nie beskik oor die waarheid nie en sy steeds daarna moet soek met die wete dat haar interpretasies altyd relatief en beperkend van aard is (Vos 1996a:9), word sy uitgedaag om in haar gegewe situasie haar Here en Verlosser op die mees effektiewe wyse te verteenwoordig en dien terwyl sy *"opgebou word tot 'n "volwasse" organisme; tot 'n liggaam wat verstaan dat geestelike volwassenheid nie 'n toestand is nie, maar 'n weg van groei in geloof, hoop en liefde"* (Nel 1994: 7, 21-22; vergelyk Callahan 2000:16-19, 59; Gibbs 2000:36-64). Om hierdie uitdaging die hoof te bied vra dat die kerk die evangelie verstaan en volgens haar verstaan handelinge verrig sodat die evangelie gekommunikeer word.

Die kommunikatiewe handelinge wat die gemeente in diens van die evangelie verrig, tros saam in die klassieke vierdeling van pastorale hoof funksies, naamlik kerugma (= prediking, waarby aansluit die getuienis / missionêre aktiwiteit (*marturia*) en onderrig (*didache*)), leiturgia (= liturgie, veral in die erediens), koinonia (= onderlinge sorg, waarby aansluit die paraklese) en diakonia (= Christelike dienslewering) (Nel 1994:27; vgl onder andere Goedhart 1984:19-138; Heitink 1993:264-265; Pieterse 1991:264-265; 1993:160-161; Van der Ven 1990:48-52). Hierdie grond funksies van die kerk is missionêr van aard en in elkeen afsonderlik en in almal geïntegreerd gaan dit om drie-dimensionele diens, naamlik diens aan God, aan mekaar en aan die wêreld (Nel 1994:25-33; vgl Bosch 1991:467-474) *"intended to smooth the way for faith, hope, and love and promote growth in grace"* (Adam 1992: 276). Die gemeente, as plaaslike gestalte van die kerk, skep strukture wat op eietydse wyse uitdrukking gee aan hierdie diens funksies (ook genoem haar geloofs-, gemeenskaps- en maatskaplike funksie) wat altyd dieselfde bly, maar gevorm en gestruktureer word ooreenkomstig die eise van die situasie waarin die kerk haarself bevind en daarom oop is vir hervorming met die oog op die eise wat die samelewing aan die kerk stel (Pieterse 1982:25,71).

Van hierdie kommunikatiewe handeling wat die gemeente in diens van die evangelie verrig, is die erediens 'n baie belangrike aktiwiteit. Barnard (1985:1) noem dit "*die belangrike lewensaar van die kerk se lewe en werk*" en Müller (1990:9) voel so sterk daaroor dat hy dit beskryf dit as die "*toppunt en bron van alle kerklike aktiwiteite. Alle gemeente-aktiwiteite lei dáárheen en dít is weer die inspirasie, die bron van alle aktiwiteite.*" In die reformatoriese tradisie vorm die prediking 'n sentrale moment in die erediens (Vos 1996a:217) en alhoewel Barnard (1985:565) die prediking beskryf as "*die genademiddel by uitnemendheid wat die Here aan sy kerk toevertrou het om sy gemeente mee te voed en andere te bring tot die verlossing in Christus*" en Müller (1990:70) dit beskou as die "*toppunt van die liturgiese handeling*", is die prediking nie 'n geïsoleerde element in die erediens nie, maar in 'n liturgiese konteks ingebed. Die ander liturgiese elemente is en mag nooit as blote aanhangsels daartoe gesien word nie. As konteks waarbinne die liturgie en die prediking voltrek word, is die erediens dus 'n belangrike handelingsveld waarin al die pastorale handeling in mindere of meerdere mate funksioneer (Pieterse 1990:17).

Die kerk bestaan en funksioneer nie in 'n heilige, afgesonderde ruimte nie, maar in wisselwerking met die res van die samelewing. Omdat die veranderinge in die samelewing daarom ook 'n ingrypende invloed op die lewe van die kerk het, kom ook die Nederduitse Gereformeerde Kerk (hierna NG Kerk) voor 'n geheel nuwe situasie in die toekoms te staan en moet sy die prosesse wat in die samelewing afspeel gedurig op een of ander wyse in haar agenda verreken (Müller 1999:16; Pieterse 1991b:1; vgl ook Jonker 1998; Heitink 2001). Die kerk behoort in haar kommunikasie van die evangelie alle fasette van die lewe aan te spreek, ou waarhede op 'n nuwe manier verkondig en van al die kommunikasiemiddele van haar tyd gebruik te maak (Prinsloo 1988:24-38). Heitink (2001:278) beklemtoon dit dat die kerk nie in haar dop hoef te kruip en skuldig te voel oor alles nie en skryf: "*De kerk en haar leden kunnen wel degelijk een samebindende functie vervullen in de moderne samenleving.*"

Die NG Kerk is dan ook besig om op verskillende maniere na te dink oor die verlede, haar plek in die hede te bepaal en vir die toekoms te beplan. Dit is baie duidelik dat die NG Kerk nie stilstaan nie. Daar is voortdurende beweging, nadenke, navorsing en evaluering wat lei tot nuwe denke en nuwe insigte alhoewel daar eweneens "ononder-

handelbare" sake is ten opsigte waarvan die NG Kerk nie sal of kan verander nie (vgl NG Kerk 1998:Voorwoord). Vanweë die ingrypende verskuiwing wat in die Suid-Afrikaanse samelewing oor die afgelope paar jaar plaasgevind het, ervaar die NG Kerk en haar lidmate 'n sekere verlies aan identiteit, maar besef sy steeds dat dit haar taak is om haar lidmate te inspireer om hul Christelike roeping in die nuwe Suid-Afrika na te kom, hulle toe te rus om diensbaar te wees in die land en om op 'n nuwe manier openbare getuigenis in die nuwe Suid-Afrika te lewer (NG Kerk 1998:68-78).

Twee besluite wat onlangs deur die Algemene Sinode geneem is, kan volgens die navorser 'n beduidende rol in die gemeente se kommunikatiewe handeling in diens van die evangelie speel en het 'n aandeel in die aanloop tot hierdie navorsing. Die eerste een is die uitbreiding van artikel 48.4.1 van die Kerkorde van die NG Kerk (1998:17) om te lui: *"Met die oog op die verkondiging van die volle raad van God moet die prediking deurgaans volle reg aan die kerklike jaar en die belydenisskrifte laat geskied"* en die tweede een is die opdrag van die sinode van 1998 aan die Algemene Kommissie vir Erediens *"om 'n studie te maak oor die funksie van 'n leesrooster vir die liturgie"* (NG Kerk 1999:453). Na aanleiding van hierdie studie het die Sinode in 2002 die voorgestelde werkswyse ten opsigte van 'n leesrooster in die liturgie goedgekeur, tesame met 'n verdere opdrag aan die Algemene Kommissie vir die Erediens om prakties hieraan gestalte te gee (NG Kerk 2003:538; vgl 2002:81-83).

Na die oordeel van die navorser kan die benutting van die kerklike jaar in die prediking (en in die lewe en arbeid van die gemeente) 'n waardevolle rol speel in hierdie nadenke en strewende. In gepubliseerde werke (vgl ten minste Bieritz 1988 en 1995:453-489 en Oskamp & Schuman (reds) 1998) is reeds aangetoon dat die kerklike jaar 'n goeie raamwerk bied vir die liturgie en die prediking en aangesien die erediens (as konteks vir die liturgie en prediking) die "lanseerbasis" is vir die kerklike lewe en bediening, behoort die kerklike jaar ook 'n goeie basis te bied vir die ander kommunikatiewe handeling van die gemeente. Barnard bevestig hierdie vermoede. Volgens hom is die kerklike jaar 'n nuttige hulpmiddel wat gebruik kan word sodat *"die geestelike lewe van die gemeente geleidelik in sy volle diepte en wydte uitgebou word"* (1954:35). Hy skryf ook: *"Onder die primêre leiding en werking van die Heilige Gees, wil die kerklike jaar 'n belangrike hulpmiddel wees in die hande van predikers, kerkslede en lidmate om*

die groot strukture van die evangelie beter te volg en op 'n verantwoordelike en planmatige wyse die prediking en erediens in te rig tot opbou en versterking van sowel leraars as gemeente" (Barnard 1989:1).

Die kerklike jaar behoort dus in en deur die gemeente benut te kan word, nie net as 'n belangrike hulpmiddel in die kommunikasie van die evangelie nie, maar ook as 'n vernuwingshulpmiddel met pedagogiese waarde (Barnard 1954:34-37; vgl Du Toit 1969:103; Macleod 1981:117,118). Die navorser vermoed daarom dat, indien die kerklike jaar na behore benut word in die kommunikasie van die evangelie (en dan veral in die prediking), die lewe en arbeid van die gemeente daardeur bevorder sal word en groei en lewenskragtigheid sal voorkom.

Indien dit waar is dat 'n behoorlike benutting van die kerklike jaar in die prediking kan bydra tot 'n meer effektiewe bediening in en deur gemeentes, groter diepte in die geestelike lewe van die gemeente en tot versterking van lidmate en ampsdraers, is die benutting van die kerklike jaar in die prediking na die oordeel van die navorser, 'n belangrike vertrekpunt in die kommunikatiewe handeling van die gemeente. Die volgende vraag is dan belangrik: Wat is die stand van sake in ons eie situasie ten opsigte van die van die kerklike jaar in die prediking van die NG Kerk?

Hiermee is die probleem, of te wel die tema, wat in hierdie studie aangespreek word aan die orde gestel. Die *tema* van die navorsing is **die kerklike jaar** en die *titel* daarvoor is:

'n Prakties-teologiese ondersoek na die kerklike jaar in die prediking van die Nederduitse Gereformeerde Kerk.

1.2 PROBLEEMSTELLING

In die ondersoek word gewerk met die *voorveronderstelling* dat daar 'n probleem bestaan met betrekking tot die prediking van gemeentes in die NG Kerk. Die *probleem* wat ondersoek word hou verband met die benutting van die kerklike jaar deur predikante van die NG Kerk. Die *vertrekpunt* is dat die veranderde situasie 'n meer effektiewe benutting van die kerklike jaar in die prediking van predikante van die NG Kerk noodsaak ter wille van die kommunikasie van die evangelie.

Alhoewel daar reeds veel nagedink is en in akademiese en populêre geskryfte geskryf is oor die kerklike jaar, asook oor die benutting daarvan in die prediking, sodat daar tot groter insig en helderheid hieroor gekom is (vgl maar net Adam 1980; Barnard 1954 & 1988; Bieritz 1988 en 1995; Cornehl 1981; Du Toit 1969; Hickman e.a. (eds) 1986; Jacob 1983; Kleinhans 1967; Nocent 1977; Parsch 1963; Richter 1982; Schröder 1965; Schuman 1998; Soardes, Dozeman & McCabe 1992- en 2002; Talley 1986), bestaan daar egter weinig kennis oor die vraag of hierdie insigte en standpunte enigsins in die praktyk van die gemeente al grondgevat het. In bestaande geskryfte oor die kerklike jaar word genoeg grondige leiding aangebied sodat 'n teologiese basisteorie t.o.v. die kerklike jaar en die benutting daarvan in die prediking ontwerp kan word. By al hierdie werke bestaan daar egter 'n groot gaping t.o.v. die kerklike praktyk m.b.t. die benutting van die kerklike jaar in die prediking (en andersins) deur gemeentes.

Webber ((ed) 1994:xli) skryf die volgende t.o.v. 'n waarneming wat hyself in hierdie verband gemaak het: *"One by one, the mainline Protestant churches officially restored the Christian year to its rightful place in worship. Nevertheless, the practice of the Christian year has not yet gained a firm foothold in many local congregations."* Nou ontstaan die vraag: Wat gebeur presies t.o.v. die kerklike jaar in die kerklike praktyk? Kom dit tuis in die praktyk? Indien wel, op watter wyse? Indien nie, waarom nie? Enersyds beskik die kerk reeds oor sekere teologiese insigte en standpunte oor die kerklike jaar, maar andersyds is daar nog nie nagevors in hoe 'n mate die teorie in die praktyk inslag vind nie.

Met dit in gedagte, is die vraag: Tot watter mate reflekteer die prediking, liturgie en ander kommunikatiewe handeling wat die gemeente verrig in diens van die evangelie hierdie bewustheid? Nog vrae kan gevra word: Bestaan daar 'n verskeidenheid in die wyse waarop die kerklike jaar benut word in en deur die gemeentes van die NG Kerk? Kan dit dalk wees dat die benutting van die kerklike jaar slegs geskied t.o.v. sommige van die feeste op die kerklike kalender en dat daar dalk uitbreiding in hierdie verband benodig word? Geniet die kerklike jaar by predikante enige voorkeur in die prediking?

Verdere vrae is ook belangrik: Besef predikante die waarde en rol van die kerklike jaar in die prediking en gemeentelike lewe en arbeid? Hoedanig is die kennis oor die kerklike jaar waaroor predikante beskik? In aansluiting hierby: Hoeveel predikante besef die waarde van 'n gemeentebediening wat kan voortvloei vanuit die benutting van die kerklike jaar? Hoeveel predikante sal bereid wees om op langtermynbasis voortdurend aandag te gee hieraan ter wille van doeltreffende kommunikatiewe handeling in diens van die evangelie? Sal predikante bereid wees om aanpassings te maak om die kerklike jaar te akkommodeer? Kán die kerklike jaar benut word om lidmate se visie op God en sy koninkryk, die kerk en gemeentewees en 'n lewe voor God te versterk en om verder te lei tot 'n vaste verbintenis aan hierdie visie asook koinonia en diens (vgl Burger 1991)? Hierdie vrae sal moet beantwoord word.

Die praktiese funksionering van die kerklike jaar in die prediking (en bedieningspraktyk) van die NG Kerk is nêrens empiries getoets nie. En dit is juis hier waar die Praktiese Teologie sy bestaansreg verdien. In die gemeente se soeke na oplossings vir probleme waarmee sy te kampe het, is teorieë, "*n bespreking van en 'n besinning en beplanning oor die praktyk*", nodig wat die kerk kan begelei hierin (Heyns & Pieterse 1990:27). Aangesien die praktiese teologie gerig is op die Christelike geloofspraxis (Vos 1997:15) en alle handeling wat in diens van die kommunikasie van die evangelie staan (Nel 1991:24) ondersoek, is hierdie teologiese deelwetenskap vir die kerk as bondgenoot onmisbaar.

Die praktiese teologie wil as hermeneuties-kommunikatiewe handelingsteorie (vgl Pieterse 1991) in diens staan van die doeltreffende kommunikasie van die evangelie in al sy fasette in die kerklike praktyk (Müller 1986:19) en die besinning wat binne die praktiese teologie gedoen word, is uiteindelik bedoel om die kerklike lewe en werk te dien (Burger 1991:95) deur vernuwend in te werk op die kerklike handeling wat hierdie kommunikasie bewerkstellig (Pieterse 1981:79) sodat die teologiese basisteorie doeltreffend in die kerklike praktyk realiseer.


As raamwerk waarbinne teoretiese besinning plaasvind, bied die praktiese teologie in die soeke na probleemoplossing metodologiese modelle aan. So 'n model is 'n "*hulpmiddel om die verkeer tussen teorie en praxis te bevorder*" (Heyns & Pieterse

1990:36) en is noodsaaklik, aangesien die *"model bepaal hoe daar in die praxis te werk gegaan moet word"* (Heyns & Pieterse 1990:87). Dit is ook 'n aanduiding van hoe die praktyk (werklikheid) daar behoort uit te sien in terme van die teorie (ideaal) omdat dit die interaksie tussen teorie en praktyk stimuleer en bemiddel deur die teorie te konkretiseer en die praktyk te abstraher: *"Es stellte eine mittlere Abstraktionsebene zwischen Theorie, Prinzip und Gesetz einerseits und Praxis ... anderseits dar"* (Greinacher 1974:114). Daar is baie modelle waaruit die hedendaagse praktiese teoloog kan kies wanneer 'n ondersoek aangepak word (vgl o.a. 1.5).

'n Beproeft en geskikte model is dié van Zeffass (1974:164-169; vgl Heyns 1984:132; Heyns & Pieterse 1990:38-40; Nel 1991:26-35; vgl ook Bothma 1991:112-114) wat die proses goed verduidelik. Dit is 'n model wat poog om ondersoek te struktureer volgens die bipolêre spanningsverhouding tussen teorie en praxis en waarvolgens telkens verantwoord en gekontroleer tot nuwe teorievorming gekom kan word, wat weer na 'n nuwe praktyk kan lei. Die verhouding tussen teorie en praxis word dan ook sodanig hanteer dat daar geen sprake van 'n primaat is nie (vgl Herbst 1988:38). Van der Ven (1993), Heitink (1993) en Dingemans (1990, 1994) het hierdie model aangevul en verfyn en daar kan aanvaar word dat hierdeur betroubare en geldige navorsingsbevindinge gegenerer word deur middel van rasioneel verantwoorde en empiries geverifieerde navorsing (vgl Mouton & Marais 1989:33).

Wat vir die doeleindes van hierdie ondersoek belangrik is, is Zeffass (1974:167) se model. Volgens hierdie model verloop die ondersoek van die huidige praktyk (praxis 1) tot by die nuwe of verstelde teorie, wat tot 'n gewysigde praktyk (praxis 2) lei. Praxis 1 het sy teoretiese oorsprong in die teologiese oorlewing of die teologiese verstaan van die praktyk. Volgens Zeffass is dit hierdie bestaande teologiese teorie waarvan die konsepte geanaliseer moet word. Daar word hier begin om uit te kom by praxis 2, die nuwe gewysigde praktyk. Dit word gevolg deur 'n analise van die situasie deur middel van 'n empiriese ondersoek waarna die bevindinge van die ondersoek 'n kreatiewe interaksie van die ondersoeker ondergaan. Hieruit ontwikkel 'n prakties-teologiese teorie wat die nuwe gewysigde praxis tot gevolg het.

Zerfass se model kan soos volg voorgestel en verduidelik word:




FIGUUR 1: ZERFASS SE MODEL

Praxis 1 (1) word uitgebeeld in die boonste sirkel en die pyl met nommer 2 dui aan dat die teologiese oorlewering (die kerklike tradisie, geskiedenis, dogmatiek ensovoorts) verantwoordelik is vir praxis 1 (byvoorbeeld dat die gemeente se kommunikatiewe handeling in diens van die evangelie in spesifieke velde geskied). Pyl 3 dui die situasie-analise aan. Wanneer 'n probleem ondersoek word, is dit belangrik om 'n analise van die situasie te maak. Ten opsigte van die gemeente se kommunikatiewe handeling is een van die aspekte wat onder die vergrootglas geplaas behoort te word byvoorbeeld die samelewing en sy veranderende situasie. In so 'n situasie-analise (6) kan van die kennis van ander wetenskappe (bv demografie, sosiologie ens.) ingespan word, sodat 'n juiste beeld van die werklikheid (bv die samelewing waarbinne die evangelie gekommunikeer word) verkry word. Die gegewens wat hier verkry word, word dan tot 'n teorie verwerk en word vergelyk met ander gegewens wat reeds versamel is oor die onderwerp (dit sluit die teologiese oorlewering in) en daar vind 'n wisselwerking plaas. Die twee pyltjies met die 5 beeld hierdie wisselwerking uit. Hieruit word gekom tot 'n nuwe prakties-teologiese teorie (pyltjies 7 en 8).

Hierdie nuwe prakties-teologiese teorie (9) moet in die praktyk toegepas word. Die pyltjies by 10 dui op die dringendheid dat die teorie na 'n nuwe praktyk moet oorgaan - die teorie moet praktyk word. Die nuwe praxis (11) beteken nie dat die proses afgehandel is nie. Dit moet eers aan die situasie (pyl 12) en die oorlewering (pyl 13) getoets word sodat die situasie en die teologiese oorlewering die korrektheid en werkbaarheid al dan nie van die nuwe praktyk kan beproef. Praxis 2 vind sig self dan as 't ware waar praxis 1 aan die begin van die proses staan. Hierdie proses bly onafgehandel en gaan voortdurend voort, al blyk daar nie eens 'n probleem met 'n huidige praxis te wees nie. Daarom word hierdie model dan ook met 'n voortgaande spiraal voorgestel (vgl Nel 1991:35). Die gevare van oorbeklemtoning van die situasie òf van die teologiese oorlewering kan hierdeur besweer word.

Volgens Heitink (1993:159-163) bevat hierdie model aktiwiteite wat te make het met drie prosesse wat verband hou met hermeneutiese, empiriese en strategiese aktiwiteit. Hermeneutiese aktiwiteit word verrig om te *begryp*, te *verklaar* en te *verander*. Dit gaan daaroor om menslike handeling te verstaan en in die teorie word beweeg van gissing na toetsing. Empiriese aktiwiteit word verrig om te verklaar en word verrig om handelingsisteme af te lei en prosesse te identifiseer deur empiriese navorsingsmetodes (waarin die formulering van hipoteses en die toetsing van die geldigheid daarvan sentraal staan). Strategiese aktiwiteit word verrig om verandering, wat die resultaat en doel van God se koms na die mens is, te rig en te begelei. Heitink (1993:161) verbeeld hierdie prosesse soos volg:



FIGUUR 2: HEITINK SE MODEL

In hierdie model word daar gewerk met teorieë. Pieterse (1993:50) skryf dat 'n teorie *"altyd hipoteties of voorlopig van aard (is) en moet so geformuleer word (gekonseptualiseer word) dat dit geoperasionaliseer kan word, met ander woorde, dat toetsbare hipoteses deduktief daaruit afgelei kan word."* Daar word dan ook normaalweg in die praktiese teologie onderskei tussen verskillende tipes teorieë wat nie ongelykwaardig is nie, maar waarin met verskillende vertrekpunte gewerk word. Daar word onderskei tussen metateorieë, basisteorieë en praktykteorieë. Metateorieë, as teorieë *"waarin wetenskaplike uitgangspunte uitgespel word wat die praktiese teologie met ander vakke in gemeen het"* en met *"die paradigma waarbinne gedink en gewerk word"* (Vos 1995:61) het te doen met onderliggende aannames wat nie getoets kan word nie (vgl Mouton & Marais 1989:198).

'n Basisteorie is *"'n vakgerigte teorie wat binne 'n spesifieke vak ontwikkel word vir die doeleindes van die vak"* (Pieterse 1993:51) en poog om die teologiese basis wat die praktyk ten grondslag lê te sistematiseer en te verstaan (Vos 1995:62). Die basisteorieë waarmee in die teologie gewerk word, vind direkte aansluiting by die teologiese tradisie waarbinne 'n geloofsgemeenskap staan en die wyse waarop met die Bybel omgegaan word en word daarom ook *teologiese teorieë* of *fundamentele teorieë* genoem (Vos 1995:62; 1996:16). Praktykteorieë is daardie teorieë wat vir die verskillende kommunikatiewe handeling van die geloofsgemeenskap ontwerp word (Pieterse 1993:52; Vos 1996:62). Dreyer verwoord die verband tussen hierdie teorieë soos volg: *"Metateorie is die teoretiese verantwoording oor die bepaalde raamwerk waarbinne oor 'voorvrae' duidelikheid verkry word. Dit stel die teoloog in staat om keuses te kan uitoefen rakende die vertrekpunte in prakties-teologiese ondersoeke en die oriëntasie ten opsigte van die praktyk wat ondersoek word. Dit wil sê, 'n metateorie lei tot 'n basisteorie gerig op 'n bepaalde praktykteorie"* (1998:12).

In 'n informele ondersoek wat die navorser op grond van eie inisiatief onderneem het deur die konsistorieboeke van 'n aantal Nederduitse Gereformeerde, Nederduitsch Hervormde en Gereformeerde gemeentes in Pietersburg en Pretoria - wat gebruikte preektekste aandui - te vergelyk met die aanbevole tekste in leesroosters (die *Revised Common Lectionary* en die *Book of Common Prayer*) wat die kerklike jaar volg (en verwante tekste) sowel as in voorwetenskaplike gesprekke met kollegas oor die manier

waarop tekskeuses vir die prediking gemaak word en die kerklike jaar in hulle prediking funksioneer, het dit duidelik geblyk dat daar beslis in hierdie verband 'n probleem bestaan. Dit het uit die voorwetenskaplike ondersoek geblyk dat daar gapings bestaan in die kerklike praktyk met betrekking tot die kerklike jaar in die prediking. Die NG Kerk bely in teorie dat die kerklike jaar belangrik is (vgl artikel 48.4.1 van die Kerkorde), maar die praktyk is nog nêrens formeel getoets nie.

Die ideaal wat gestel word, is dat die kerklike jaar in en deur gemeentes benut word as hulpmiddel in die kommunikatiewe handeling wat verrig word in diens van die evangelie, ten minste in die prediking. Indien dit die geval is dat daar 'n probleem rondom die kerklike praktyk t.o.v. die kerklike jaar in die prediking van gemeentes van die NG Kerk bestaan, kan dit die verkondiging van die evangelie in 'n veranderende situasie skaad en sodoende selfs lei tot vereensydiging, verarming en selfs disfunksionering in die kommunikatiewe handeling van die gemeente in diens van die evangelie. Die probleem van 'n gebrekkige benutting van die kerklike jaar in die prediking moet daarom wetenskaplik ondersoek word.

Die kern van die navorsingsprobleem wat ondersoek is, sou soos volg saamgevat kon word:

- Die vermoede bestaan dat die kerklike jaar deur gemeentes benut kan word in die kommunikatiewe handeling wat verrig word in diens van die evangelie, in besonder ten opsigte van die prediking.
- Ons prakties-teologiese kennis oor die funksionering van die kerklike jaar in die prediking van predikante van die NG Kerk is beperk.
- Die vermoede bestaan dat die kerklike jaar beter kan funksioneer in die prediking van die NG Kerk as wat dit tans die geval is.

Dit is dus nodig dat

- 'n basisteorie oor die benutting van die kerklike jaar (veral in die prediking) geformuleer moet word,
- die benutting van die kerklike jaar deur predikante van die NG Kerk in hul prediking empiries ondersoek moet word en

- 'n verstelde praktykteorie voorgestel moet word wat kan lei tot 'n verbeterde bedieningspraktyk.

Die *vertrekpunt* waarmee gemeentes in hul soeke na 'n oplossing vir meer effektiewe kommunikasie van die evangelie en die benutting van die kerklike jaar gekonfronteer word, is die veranderende situasie, met die verstaan van die situasie as die "*geheel van omstandighede waarin 'n mens of iets verkeer*" (Odendal e.a. (reds) 1985:971). Daarom is daar ook aandag geskenk aan die rol wat die situasie (konteks) speel t.o.v. die kerklike jaar.

Die volgende probleemvrae kan gestel word na aanleiding van aspekte wat in die voorafgaande uiteensetting na vore kom:

- Hoe word die kerklike jaar deur predikante van die NG Kerk benut in hulle prediking?
- Hoe kan hierdie teologiese teorie verstel word om tot 'n verstelde praktyk, waarin die benutting van die kerklike jaar in die prediking tot sy reg kom, te lei?

1.3 DIE DOELSTELLINGS VAN DIE STUDIE

Die doel van die ondersoek is om deur middel van prakties-teologiese navorsing te poog om die praktyk t.o.v. die funksionering van die kerklike jaar in en deur gemeentes van die NG Kerk, veral t.o.v. die prediking, te verstaan en te verbeter. Baie van die vrae en probleme wat tans bestaan en kan ontstaan rondom die benutting van die kerklike jaar kan dalk te wyte wees aan die gebrek aan 'n deeglik geformuleerde praktykteorie in hierdie verband. Natuurlik sal so 'n teorie nie alle probleemvrae oplos nie, maar dit sal wel 'n goeie strukturele raamwerk verleen waarmee op weg gegaan kan word. Die doeleindes van sodanige teorie is om prakties uitvoerbare riglyne daar te stel met betrekking tot die implementering van die teologiese basisteorie in die kerklike praktyk.

Die volgende doelwitte is gestel:

- om 'n literatuurondersoek te doen van relevante navorsingsliteratuur oor die kerklike jaar en die funksionering daarvan in die prediking en dit as 'n basisteorie te ontwikkel,

- om 'n empiriese ondersoek te doen van die bestaande praxis m.b.t. die funksionering van die kerklike jaar in die prediking van predikante van die NG Kerk en
- om 'n verstellde praktykteorie voor te stel met die oog op 'n verbeterde praxis met betrekking tot die kerklike jaar in die prediking van die NG Kerk.

In die eerste deel van die studie is daarom gepoog om die navorsingsprobleem te verstaan en te begryp (hermeneutiese aktiwiteit). In die tweede deel van die studie is gepoog om die navorsingsprobleem te verklaar (empiriese aktiwiteit) en in die derde deel is verandering voor die oog gestel (strategiese aktiwiteit).

Die primêre doel van die ondersoek is dus om die koninkryk te dien en God te verheerlik deur verbeterde geloofskommunikasie met behulp van die benutting van die kerklike jaar te bewerkstellig na aanleiding van 'n beter verstaan van en kennisverbreding t.o.v. die kerklike jaar en dit wil veral op twee vlakke 'n bydrae lewer: dit wil die kerklike jaar teken as 'n nuttige hulpmiddel wat aangewend kan word in die gemeentes se kommunikatiewe handelinge in diens van die evangelie en dit wil riglyne daarstel wat gemeentes in staat kan stel om die kerklike jaar beter te benut in hierdie handelinge, veral met betrekking tot die prediking.

1.4 HIPOTESESTELLING

'n Hipotese is "*n onbewese stelling wat moet dien as grondslag vir redenering*" of te wel, 'n "*veronderstelling*" of "*voorlopige veronderstelling wat gebruik word om iets anders te bewys*" (Odendal e.a. (reds) 1985:393). Dit is "*n stelling wat 'n vermeende verband of verskil tussen twee of meer verskynsels of veranderlikes postuleer*" (Mouton & Marais 1989:135). 'n Navorsingshipotese dui dus op 'n tentatiewe oplossing van 'n probleem (De Wet, Monteith, Steyn & Venter 1981:32). In die lig hiervan dien die volgende as *basiese hipotese* vir die studie:

Die gedeeltelike disfunksionering van die kerklike jaar in die prediking van predikante van die NG Kerk noodsaak sekere aanpassings.

Die nulhipotese is 'n statiese stelling wat postuleer dat daar geen verband of verskil tussen die betrokke veranderlikes (onder bestudering) bestaan nie. In 'n studie waarin 'n nulhipotese gebruik word, word die studie sodanig gestruktureer dat probeer word om die nulhipotese te weerlê of te falsifiseer. Indien die nulhipotese dan as foutief aangewys word, kan aanvaar word dat daar wel 'n betekenisvolle verband tussen die veranderlikes (onder bestudering) bestaan (Mouton & Marais 1989:136). In die studie is daar dus gepoog om die nulhipotese te weerlê of te falsifiseer. Die navorsingshipotese vir die empiriese gedeelte van die studie is as nulhipotese gestel. Die *nulhipotese* van die studie is soos volg geformuleer:

Daar bestaan nie 'n probleem wat betref die kerklike jaar in die prediking van die NG Kerk nie.

Teenoor die statiese nulhipotese is die *alternatiewe hipotese* gestel. In die studie is die alternatiewe hipotese in terme van drie *werkshipoteses* gestel, en dan soos volg:

- Al die inskrywings in die kerklike jaar het 'n beduidende invloed op die tekskeuse en prediking van die NG Kerk.
- Wanneer inskrywings in die kerklike jaar en ander geleenthede met mekaar saamval, sal die inskrywing in die kerklike jaar voorkeur geniet.
- Al die predikers van die NG Kerk sal bereid wees om op 'n langtermyn-basis voortdurend in die prediking en die gemeentelike lewe en arbeid aandag te gee aan die kerklike jaar indien hulle behoorlike riglyne daarvoor sou ontvang.

1.5 DIE METODE VAN DIE ONDERSOEK

Van der Ven (1994:29-44) wys daarop dat daar hoofsaaklik drie benaderings is t.o.v. ondersoeksmetodes, of te wel, metodologie in prakties-teologiese ondersoeke (vgl Heyns & Pieterse 1990:66), naamlik die hermeneutiese, historiese en empiriese benaderings. Binne die model van Zerfass word hierdie benaderings afsonderlik, maar tog ook interafhanklik van mekaar benut en kan dit aanvaar word as 'n verantwoorde, weldeurdagte werkswyse "om die verkeer tussen teorie en praxis te vergemaklik en bevorder" (Heyns & Pieterse 1990:38).

Hierdie navorsing word gedoen aan die hand van die model (van Zerfass) wat hierbo (vgl 1.2) beskryf is en aldrie hierdie metodes is benut. Dit beteken dat daar by wyse van hermeneutiese, historiese en empiriese ondersoekmetodes uitgekome word by 'n verstellde praktykteorie t.o.v. die benutting van die kerklike jaar deur predikante van die NG Kerk in hulle prediking. Die rede waarom vir hierdie model en metode gekies is, is omdat dit aanvaar en beproef is in die praktiese teologie en dus geskik is om die doelstellings van die navorsing te bereik en daarom die wetenskaplike kwaliteit van die ondersoek verseker aangesien dit 'n objektiewe, dit wil sê kritiese, gebalanseerde, nie-sydige, sistematiese, kontroleerbare werkswyse is (Mouton & Marais 1989:8).

Die metode van die ondersoek kan soos volg beskryf word: Eerstens, nadat betrokke voorveronderstellings aan die bod gestel is, is die huidige praxis (praxis 1) geanaliseer met behulp van die verskillende middele en metodes van die sosiale wetenskappe. Tweedens het daar 'n histories-teologiese analise plaasgevind van die teologiese teorieë onderliggend aan praxis 1. Daarna is die twee analises gekombineer tot 'n prakties-teologiese teorie oor die betrokke praxis om sodoende te kom by voorstelle en riglyne vir 'n nuwe praxis.

Meer konkreet gestel, is daar deur hermeneutiese aktiwiteit 'n basisteorie t.o.v. die kerklike jaar en die benutting daarvan in die gemeente se kommunikatiewe handeling in diens van die evangelie geformuleer op grond van die Bybelse gegewens en die historiese ontwikkeling met betrekking tot en van die kerklike jaar. Met behulp van inligting met betrekking tot die historiese en tradisionele ontwikkeling van die kerklike jaar is ontdek hoe die kerklike jaar in die verlede deur gemeentes benut was in hulle kommunikatiewe handeling in diens van die evangelie. Hier is die prakties-teologiese vertrekpunte en die konseptuele raamwerk vir die empiriese ondersoek wat daarop gevolg het belig. Deur middel van empiriese metodes is die konsepte wat in die teologiese basisteorie gekonstrueer is gebruik om die huidige stand van sake t.o.v. die funksionering van die kerklike jaar in die prediking van predikante van die NG Kerk te analiseer. Deur middel van strategiese metodes is voorstelle vir die verbetering van die praktyk t.o.v. die benutting van die kerklike jaar, veral met betrekking tot die prediking, daargestel.

Die metode en die aanpak van die ondersoek kan kursories uiteengesit word soos volg:

- 'n Basisteorie van die kerklike jaar is geformuleer deur 'n literatuurondersoek te doen van relevante navorsingsliteratuur oor die kerklike jaar en die funksionering daarvan in kommunikatiewe handeling in diens van die evangelie, veral met betrekking tot die prediking, en konsepte wat in die praktyk ondersoek kan word is gekonstrueer en beskryf.
- Die bestaande praxis met betrekking tot die funksionering van die kerklike jaar in die prediking van predikante van die NG Kerk is met behulp van 'n empiriese ondersoek geanaliseer deur die konsepte wat in die basisteorie daargestel is met mekaar in verband te bring.
- 'n Verstelde praktykteorie met betrekking tot die funksionering van die kerklike jaar in die kommunikatiewe handeling in diens van die evangelie in gemeentes van die NG Kerk, veral met betrekking tot die prediking, is aan die hand van data wat in die proses van die navorsingsondersoek gegenereer is voorgestel met die oog op 'n veranderde praxis sodat die kerklike praktyk ten opsigte daarvan kan verbeter.

In die eerste deel van die studie is deur 'n literatuurstudie gepoog om die navorsingsprobleem te verstaan en te begryp (hermeneutiese aktiwiteit). In die tweede deel van die studie is deur middel van kwantitatiewe analyses is gepoog om die navorsingsprobleem te verklaar (empiriese aktiwiteit) en in die derde deel is gepoog om op kreatiewe wyse deur middel van 'n verstelde praktykteorie verandering t.o.v. die navorsingsprobleem te bewerk (strategiese aktiwiteit).

1.6 DIE AFBAKENING VAN DIE STUDIEVELD

Inhoudelik word die studie afgebaken tot die kerklike jaar en die funksionering daarvan in die gemeente se kommunikatiewe handeling in diens van die evangelie, veral met betrekking tot die prediking, binne die konteks van 'n veranderende situasie. In die empiriese deel van die studie word die ondersoek beperk tot predikante van gemeentes van die NG Kerk (vgl 4.4.2). In die verstelde praktykteorie word riglyne gebied wat egter ook deur ander, veral Afrikaanse gereformeerde, kerke benut kan word.

1.7 DIE AKTUALITEIT VAN DIE STUDIE

'n Ondersoek na die kerklike jaar - en veral t.o.v. die benutting daarvan deur die gemeente in haar kommunikatiewe handeling in diens van die evangelie - is aktueel, dringend en uiters noodsaaklik. Redes hiervoor lê op verskillende vlakke. Buiten dat daar tans 'n hernieude belangstelling in die kerklike jaar is, hou die kerlike jaar waarde en betekenis vir die kerk in, nie net op pedagogiese vlak nie, maar ook in terme van raakvlakke vir die ekumeniese gesprek en die sosiale funksies van die kerk. Hiernaas bied dit ook te midde van 'n veranderende situasie vaste punte en beskik dit oor verskeie benuttingsmoontlikhede.

1.7.1 'n Hernieude belangstelling in die kerklike jaar

Eerstens is daar oor die afgelope aantal jare 'n hernieude belangstelling in die kerklike jaar. Saliers (1994:92) skryf: *"Among the most remarkable aspects of the twentieth-century reform and renewal of Christian worship is the rediscovery of the church year."* Hy skryf verder: *"Twenty years ago no one could have predicted the extraordinary impact that the scholarship and the theology and the practice of the church year would have on our preaching and worship."* Hy wys ook daarop dat protestante in die proses is om die kerklike jaar te herontdek, *"not as an imposition from 'outside', but as a fundamental feature of authentic Christian worship that was part of Christian and Jewish experience from the beginning."*

White (1981:60) wys daarop dat hernieude belangstelling in die kerklike jaar onder protestante plaasgevind het gedurende die 1920s en 1930s, *"a period in which an aesthetic approach to worship tended to be prominent."* Wat die Rooms Katolieke kerk aanbetref, skryf hy: *"Since Vatican II, a profound new interest in the calendar has emerged and a deep new appreciation has developed of how our way of keeping time shapes and reflects our lives as Christians."* Hierdie oplewing het volgens hom in die sewentiger en tagtiger jare versprei na die sogenaamde hoofstroomkerke en gedurende die negentigs ook na die vrye kerke-beweging en ander protestantse kerke.

Volgens Webber (1994:xli) het die Katolieke kerk die kerklike jaar evangelies gereformeer deur veral die herdenkingsdae van heiliges daaruit te verwyder: *"Once this obstacle was removed, Protestants were able to see the Christocentric nature of the*

Christian year and its importance to the corporate faith of the church. One by one, the mainline Protestant churches officially restored the Christian year to its rightful place in worship."

In *The Services of the Christian Year* (Webber (ed) 1994) dui verskeie bydraers aan hoedat verskillende kerke oor 'n wye spektrum se houding jeens die kerklike jaar, veral in die afgelope tyd, verander het en hoedat praktyke rondom die kerklike jaar ontwikkel is tot die huidige stand van sake. Webber ((ed) 1994:1-75) skryf hieroor: "*Christians differ significantly on the need for observing the Christian year. Nethertheless, there are signs that even those denominations that have traditionally resisted following a Christian calendar are taking a second look at this ancient practice. More traditional churches are also discovering how observing the cycle of Christian seasons contributes to worship renewal.*" Dit val buite die skopus van hierdie ondersoek om nader hierop in te gaan.

As resultaat van die hernieude belangstelling in die kerklike jaar het nie net teologiese en populêre geskrifte hieroor verskyn nie, maar ook onder andere leesroosters (bv die *Revised Common Lectionary* (1992) en die sogenaamde ekumeniese leesrooster wat in Nederland deur die Sectie Erediens van de Raad van Kerken opgestel is (vgl Van der Laan 1995:16), homiletiese hulpmiddels wat daarby aansluit (bv *Preaching the Revised Common Lectionary* (Soardes, Dozeman & McCabe 1992-) en *Preaching through the Christian Year* (Craddock, Hayes, Holladay & Tucker 1992)) asook ander en praktiese hulpmiddels (bv *The Bidding Prayer for the Church's Year* (Konstant & Burns 1976,1982), *Clip Art for the Christian Year* (Schmidt 1988), *Seasons and Symbols: A Handbook on the Christian Year* (Wetzler & Huntington 1962) en *New Hymns for the Lectionary: To glorify the Maker's Name* (Troeger & Doran 1986)).

Ook plaaslik het 'n herwaardering van die kerklike jaar plaasgevind. Die Dordtse Sinode (1618-1619) het 'n afwysende houding jeens "*superstitieuse feestdagen*" gehandhaaf, maar tog soos volg bepaal in artikel 67 van die Dordtse Kerkorde: "*De gemeente zullen onderhouden, beneffens den Sondag, ook den Christdag, Paasschen en Pinxteren, met den navolgenden dag; en dewijl in de meeste Steden en Provintien van Nederland, daar en boven nog gehouden worden, den dag van de Besnijdinge en Hemelvaart Christi, zullen de Dienaars overal, daar dit nog in't gebruik niet en is, bij de*

Overheden arbeiden, dat zij nicht met de andere moech conformeren" (Hooijer 1865:457; Acta Nationale Synode te Dordrecht 1618-19:938,939). Die NG Kerk het hoofsaaklik maar net oorgeneem wat deur die stamkerk in Nederland aanvaar is aangesien daar veral in haar beginjare in 'n baie noue verband met haar gestaan is en sodoende dieselfde Nederlandse Gereformeerde inslag hier ter lande laat posvat het (Human 1956:1).

So onlangs as 1961 lui artikel 139 van die Bepalinge en Reglemente van die NG Kerk in Suid-Afrika soos volg: *"Op die kerklike feesdae, Adventstyd, Lydenstyd en Pinkstertyd moet die groot heilsfeite herdenk word in die verkondiging van die Woord by die erediens"* (NG Kerk 1961:32). Daarna verdwyn hierdie bepaling en tot met 1986 word in artikel 48.5 bepaal: *"Daar moet ook minstens twaalf keer per jaar in volgorde aan die hand van die Heidelbergse Kategismus gepreek word, en so dikwels moontlik uit die Nederlandse Geloofsbelydenis en die Dordtse Leerreëls"* (Kerkorde NG Kerk 1987:13). In 1990 word hierdie bepaling deur die insluiting van artikel 48.4.1 (sedert 1998 artikel 48.4.2; vgl Kerkorde NG Kerk 1999:17) uitgebrei om te lees: *"Met die oog op die verkondiging van die volle raad van God moet die prediking deurgaans volle reg aan die kerklike jaar en die belydenisskrifte laat geskied"* (Kerkorde NG Kerk 1999:12). Die Algemene Sinode van 1998 het dit dan ook aan die Algemene Kommissie vir Erediens opgedra *"om 'n studie te maak oor die funksie van 'n leesrooster vir die liturgie"* (NG Kerk 1999:453; vgl 1998:253). Sodoende word die kerklike jaar amptelik herwaardeer en word dit (terug)geplaas op die agenda vir die kommunikatiewe handeling van die gemeente in diens van die evangelie (vgl ook 3.3.12).

In die leerplan van die kategese in die NG Kerk word die kerklike jaar ook ingewerk deur 'n aantal riglyne vir byeenkomste per jaar wat spesifiek by die feestye van die kerklike jaar aansluit in te sluit met die versoek aan kategete dat dié byeenkomste *"op die toepaslike tye gehou word"* (NG Kerk: Algemene Sinodale Kommissie 1998:3). Ook Bybelmedia se onlangse *Gerat vir die nuwe eeu* (Smit 1998), 'n program vir gemeentegroepe, sluit by die kerklike jaar aan. Die Sentrum vir Voortgesette Teologiese Opleiding (SEVTO) van die Universiteit van Pretoria se Werkgroep vir Simbole en Rituele het ook onlangs begin om aktief aandag te skenk aan navorsing oor die kerklike jaar (SEVTO 1999).

Die *Leesrooster vir lidmate gebaseer op die kerklike jaar* - projek van BUVTON (die Buro vir Voortgesette Teologiese Opleiding en Navorsing van die Universiteit van Stellenbosch), wat die Revised Common Lectionary (hierna RCL) gebruik as uitgangspunt om die kerklike jaar met die gemeentelike bediening te integreer, dui ook op toenemende belangstelling in die kerklike jaar. Die projek lewer 'n belangrike bydrae deur materiaal daar te stel vir gebruik deur individuele gelowiges, asook deur leraars, kleingroepe, kinders en vir kategese. Die projek beskik ook oor 'n webruimte op die internet (Skinner 1999a:1; Marais e.a. (reds) 1998:1). 'n Bybelse dagboek gebaseer op die kerklike jaar, *Seisoene van God se jaar*, is ook daargestel met die bedoeling om aan te sluit by BUVTON se projek (Nell (red) 1999; vgl Nell 1998:1).

Sedert 2001 word *Woordwyser: 'n dag-tot-dag Bybelleesprogram* deur die Bediening vir Aanbidding (NG Kerk Oos-Transvaal) in samewerking met SEVTO uitgegee. Die bedoeling van die projek is om in gemeentebyeenkomste, bybelstudiegroepe, bybelskole en prediking oor 'n siklus van sewe jaar die Bybel sistematies deur te werk terwyl daar gepoog word om die leser deurgaans te herinner aan die tyd van die kerklike jaar (NG Kerk in OTvl 2000: Inleiding). In aansluiting hierby, word sedert 2004 ook 'n Bybelskoolprogram uitgewerk (NG Kerk in OTvl 2003).

In plaaslike populêr-Christelike tydskrifte, soos *Lig vir elke Christen* (die NG Kerk se gesinstydskrif), *Lucerna* (gratis tydskrif van Radiokansel) en *ID* ('n tydskrif vir tieners), duik 'n bydrae oor of wat verband hou met die kerklike jaar van tyd tot tyd op en selfs populêre tydskrifte en koerante het dikwels derglyke bydraes (vgl Kok 1998:6-9; ID. Tienertydskrif met 'n missie 1999:79-82). In die nasionale laerskoolgodsdiensoonderrig-leerplan word die sentrale feeste van die kerklike jaar ook behandel saam met die feesviering van ander godsdienste (Stonier (e.a.) 1996:14-16; 26-41).

1.7.2 Die waarde en betekenis van die kerklike jaar

Die kerklike jaar is ook aktueel vanweë die betekenis en waarde daarvan (vgl veral Bieritz 1995). Webber (1994:79) getuig oor die waarde en betekenis van die kerklike jaar vanuit sy eie ondervinding daarmee wanneer hy skryf: "*The great benefit of the Christian year is that the worshiping church is able to follow a rich and meaningful way*

of orienting its life around the work of Jesus Christ. Studying the history and theology of the Christian year can only help the church do justice to the profound implications of each aspect of Jesus' life." Zimmerman deel ook hierdie mening. Volgens haar kan (die feesdae van) die kerklike jaar 'n hulpmiddel wees wat benut kan word om kinders te help om God te leer ken en lief te hê en om spesiale tye te skep vir mense om hul liefde teenoor mekaar te betoon. Sy skryf: *"With thoughtful planning, holidays can send us with open arms and thankful hearts to the One who made us and gave us special days for worship and praise"* (1993:12).

Die kerklike jaar kan ook hulp bied by die tekskeuse vir die prediking en volgens De Klerk *"bewaar dit van 'n eensydige of chaotiese tekskeuse"* (1997:133). Volgens Barnard kan die gebrek aan 'n ordelike en planmatige preekprogram lei tot die ontwrigting, verlamming en frustrasie van die gemeente. Hy skryf: *"Hulle kan nie groei in die groot strukture van die Skrif nie, want hulle is uitelewer aan die willekeur van 'n onverantwoordelike leraar"* (1989:1). Eintlik is dit vanselfsprekend: *"The choice is plainly between the dignity of the Christian Year and the continuance of disorder"* (Macleod 1981:114). Die teologiese waarde wat die kerklike jaar inhou, veral wat die ontginning daarvan in die prediking aanbetref, sal blyk uit die behandeling daarvan in hoofstuk drie.

1.7.3 Belangrike raakvlakke vir die ekumeniese gesprek

As navorsingstema is die kerklike jaar ook aktueel aangesien dit raakvlakke bied in die ekumeniese gesprek. Barnard skryf: *"Die viering van die feeste van die Kerklike Jaar deur die verskillende Kerke, is een van die weinige terreine waar die eenheid en algemeenheid van die Christendom nog enigsins gesien kan word"* (1954:36). Hy is van mening dat dit 'n band vorm tussen gelowiges en verwys na Hoekstra, wat skryf: *"Bij de enorme splitsing die de christelijke kerk te zien geeft, doet het geweldig aan, dat van Kerstmis tot Pinksteren heel de Christenheid des Zondags leeft in dezelfde gedachtensfeer"* (Barnard s j:257). Ook Westerhoff en Willimon (1980:71) bevestig hierdie standpunt: *"Across all denominations, a worldwide, ecumenical systematic way of integrating Scripture into worship is the wonderful possibility which is offered to us by the lectionaries."*

Wanneer Du Toit die ekumeniese belang van die kerklike jaar benadruk, skryf hy dat gelowiges *"van mekaar geskei word deur afstand, taal, ras en kultuur, maar bo alles staan die een, heilige, algemene kerk"* en vertel dan van die insident aan die einde van die Eerste Wêreldoorlog waartydens die Duitsers en geallieerdes op Kersnag teenoor mekaar in die loopgrawe gelê het, *"gewapen tot die tande om mekaar uit te roei"*, maar toe die Duitsers stilweg "Stille nag, heilige nag" begin sing, hulle vyande aan die ander kant begin saamsing het, waarna hy sê: *"Net die Christelike geloof is daartoe in staat"* (1969:104). Burger (1991:69-70) wys daarop dat daar 'n baie groot openheid en gewilligheid is om van teoloë uit ander tradisies te leer en dat voortgaande gesprek op ekumeniese vlak, veral deur praktikers in die gemeentelike bediening belangrik is. Die omvangrykheid van die deelname aan die proses om die kerklike jaar te laat "herleef" (vgl 3.3.11) benadruk die ekumeniese waarde van die kerklike jaar verder.

1.7.4 Die sosiale funksie van die kerklike jaar

Die kerklike jaar is ook aktueel in terme van sy sosiale funksie. Marcel Barnard (2000:5) wys daarop dat liturgie en kultuur in 'n noue verhouding tot mekaar staan en skryf: *"Riten en symbolen zijn niet alleen wezenlijk voor de liturgie, maar ook voor een kultuur."* Binne die konteks van die veranderende situasie kan die feeste van die kerklike jaar kleur gee aan die alledaagse lewe en selfs *"vir die wêreldling waarde"* inhou. *"Die feeste van die Kerklike Jaar bied geleentheid vir rus van die daaglikse werk en vir die toewyding aan hoër geestelike dinge, soos dié wat die feeste tot inhoud het. Dit skep die moontlikheid vir die saamviëring van 'n heilsfeit, in die gemeenskap in die groot"* (Barnard 1954:36). Belangrike inskrywings op die kalender van die kerklike jaar het ook 'n invloed op die Suid-Afrikaanse burgerlike kalender: *"Most business diaries include lists of public holidays as well as as lists of religious holy days or festivals pertinent to South Africa and its neighbouring countries"* (Elion & Strieman 2001:8).

Feeste en feesviering is eie aan godsdiens. Daarom bied die kerklike jaar 'n goeie basis aan op grond waarvan raakvlakke met mense van ander godsdienste geskep kan word. Natuurlik is daar wesenlike verskille tussen die godsdienste, maar deur die gemene faktor van viering as antropologiese fenomeen te ontgin, kan die kerklike jaar van groot waarde wees in die skep en instandhouding van gesprek (vgl Krüger, Lubbe & Steyn 2002:4-5; 40-53; 64-90; 127; 163-169; 239-246; 269, 272).

1.7.5 Die pedagogiese waarde van die kerklike jaar

Ook in sy pedagogiese waarde is die kerklike jaar aktueel. Barnard (1954:36) skryf: *"Tydens die voorbereiding op die feestye en tydens die viering self, is daar kostelike geleenthede om die ware betekenis daarvan te verduidelik."* Hierin verwys hy na Luther wat aantoon dat die feeste veral bedoel is vir die swakkes en die gewone man - *"es (ist) auch recht ... und not für den pobel (Pöbel)"* (1533:37,49). Die feit dat die kerklike jaar 'n ordeningsprinsiep bied vir die ryk, gevarieerde en omvangryke Bybelse stof sodat die evangelie en *"die hele Raad van God, stap vir stap en in die regte orde en samehang ontvou, ooreenkomstig die ontplooiing van die verlossingswerk in die Persoon van Christus"*, maak die navorsingstema nog meer aktueel (vgl Barnard 1954:34-35). Ter aansluiting hierby kan die kerklike jaar benut word om te help dat lidmate se visie op God, die Bybel, die kerk, die wêreld en hulleself positief gewysig en versterk word. Die ryke verskeidenheid van aspekte wat deur die kerklike jaar aan die orde gebring word kan ook bydra om die verskeidenheid van behoeftes wat onder mense bestaan aan te spreek.

1.7.6 Die kerklike jaar bied vaste punte te midde van 'n veranderende situasie

Dingemans (1996a:117) skryf: *"Commentatoren over de hele wereld zeggen ons dat we in een overgangstijd leven. We zijn op weg van een moderne naar een post-moderne wereld."* Te midde van die veranderende situasie van ons tyd en die gevolge daarvan kan die kerklike jaar vaste punte (en sodoende sekuriteit) bied wat nodig is vir mense om veranderinge te kan hanteer en te integreer (vgl Brock & Salerno 1994:24-31 vir die belangrikheid hiervan). Die mens se lewe het waarskynlik gedurende die twintigste eeu op 'n meer ingrypende wyse verander as in enige vorige stadium van die geskiedenis. Deist (1991:32) haal Laing (s v) aan waar hy sê dat ons in 'n tydperk van die geskiedenis leef waar dinge so vinnig verander dat ons die hede eers begin sien wanneer dit reeds besig is om te verdwyn. Heyns skryf: *"Die veranderinge word te magtig om te beheer, te vloeiend om vas te vat, te wyd om te oorsien, te wisselend om te voorspel"* (1975: Inleiding) en oor die impak en omvang van verandering in ons tyd, skryf Malphurs: *"Changes are cascading around us with hurricane force" en "The changes of the past twenty years have been broad and diverse. While most noticeable in the social, economic, political and technical arenas, change has left no rock unturned. It has touched every area of life"* (1993:9). Die mens se wetenskaplike kennis en tegniese vaardigheid het in die afgelope aantal dekades geweldig uitgebrei en dit het

'n groot invloed uitgeoefen op sy lewens- en werklikheidsbeskouing asook sy geopolitiese relasies (Fowler 1991:xi).

Die kerklike jaar kan benut word om te midde hiervan die behoefte aan ware spiritualiteit (vgl Du Toit 1993:28-41) aan te spreek en koers te verleen te midde van veranderende paradigmas (vgl bv Visagie 1996), aangesien die meeste gelowiges alreeds vertrou is met geleenthede soos Kersfees en Paasfees. Wanneer die ander inskrywings in die kerklike jaar hiermee in verband gebring word en die ontginning daarvan inslag vind, behoort dit hiertoe by te dra en ook aanleiding te gee tot verdere benuttingsmoontlikhede van die kerklike jaar.

1.7.7 Die kerklike jaar bied verskeie benuttingsmoontlikhede

Verbeterde kommunikasiemiddels het tyd en afstand oorbrug met die gevolg dat denkrigtings binne 'n beperkte tydsduur wêreldwye invloed kan uitoefen. Die wêreld het inderdaad 'n klein dorpie, of te wel 'n *global village*, geword waarin die moderne kommunikasiemedia, veral televisie, die rol wat tot onlangs deur die kerk vervul is, naamlik om ons waardes te vorm, ons geloof te beliggaam en die wesenslike van ons kultuur uit te druk, oorgeneem het (Fore 1987:11). Babin (1991:3) wys daarop dat 'n "*revolution in global communication*" plaasgevind het en dat daar in 'n heel nuwe era van godsdienstige kommunikasie inbeweeg is. Dié nuwe era in kommunikasie hou verband met, wat hy noem, "*the audiovisual turning point*" wat 'n totaal nuwe wêreld is waarbinne geloof gekommunikeer word.

Na die oordeel van die navorser is die kerklike jaar die ideale hulpmiddel in die oorgang van die prediking na die res van die gemeente se kommunikatiewe handeling in diens van die evangelie. Wanneer die bedieningsarbeid nie tot sy reg kom nie, verval gemeentes al meer tot geestelikverarmde gemeentes. Doelgerigte multidimensionele kommunikatiewe handeling in diens van die evangelie aan die hand van die kerklike jaar kan hierin waardevolle treë wees op 'n weg wat 'n rykdom van moontlikhede inhou en maak die benutting van 'n belangrike hulpmiddel soos die kerklike jaar uiters aktueel. Daar is reeds heelwat nagedink oor die benuttingsmoontlikhede van die kerklike jaar (vgl 1.7.1), maar verdere nadenke is ook nodig hieroor.

Dit alles maak dit noodsaaklik om aandag te skenk aan 'n navorsingsterrein wat nog braak lê binne die veld van navorsing binne die veld van die praktiese teologie in Suid-Afrika.

1.8 VOORVERONDERSTELLINGS

Alle navorsing word binne bepaalde kontekste gedoen. Die voorveronderstellings vir die navorsing sal in die volgende hoofstuk en soos wat die ondersoek verder verloop behandel word. Die volgende voorveronderstellings dien egter reeds hier eksplisiet vermeld te word:

- Die ondersoek word gedoen t.o.v. die benutting van die kerklike jaar in die gemeente se kommunikatiewe handeling in diens van die evangelie. Natuurlik sal die beginsels wat bespreek word ook betrekking hê op die handeling wat individue, kerklike organisasies en ander verrig om die evangelie te kommunikeer, maar die fokus van die studie is op die gemeente en dan veral t.o.v. die prediking.
- Alle gemeentelike kommunikatiewe handeling in diens van die evangelie hou op een of ander wyse verband met mekaar (vgl Nel 1994:26,27) en daarom sal voortdurend interdisiplinêr met die ander teologiese dissiplines gewerk word (vgl Heitink 1993:17-18; Pieterse 1995:53-56).
- Daar word ook, soos wat blyk uit die wyse waarop die navorsingsverslag uiteengesit is, gewerk met die voorveronderstelling dat die praktiese teologie 'n teologiese én 'n wetenskaplike dissipline is en daarom sal erns gemaak word met 'n eie basisteorie asook die bipolarêre spanningsverhouding en interaksie tussen teorie en praxis (vgl Burger 1991:21-23; Heitink 1993:108-122; Pieterse 1993:51-52).
- Furet (1982) het aangetoon dat God die mens binne sy wêreld ontmoet en Burger (1991a:28-29) beklemtoon die feit dat die kerk 'n antropologiese werklikheid, "*n gemeenskap van gewone mense*," is. Daarom word voortdurend gekyk vanuit die perspektief van menslike verstaan en kommunikasie.
- Aangesien die navorsing terselfdertyd 'n teologiese onderneming is, word die Bybel en die Gereformeerde tradisie (waarbinne die navorser teologie beoefen) ernstig bejeën in die navorsing.

- Aangesien die gemeente haarself onlosmaaklik binne die wêreld van die dag bevind, word die situasie van die veranderende eietydse denk- en leefwêreld as vertrekpunt vir die studie aanvaar en word die rol wat die situasie (konteks) speel t.o.v. die kerklike jaar verreken.

1.9 DIE NAVORSINGSPROJEK SE ONTWERP

Die hoofstukindeling van die navorsingsverslag geskied in lyn met die metode wat in die ondersoek gevolg is. In breë verloop dit soos volg:

In **hoofstuk 1** is die tema en die titel van die navorsing aangedui, die probleemstelling gestel en afgerond met die formulering van die probleemvraag en 'n kernagtige verduideliking van die navorsingsprobleem. Daarna is doel van die studie verduidelik en die hipotesestelling uiteengesit. Vervolgens is die metode van die ondersoek aangedui en die studieveld afgebaken. Nadat die aktualiteit van die ondersoek aangetoon is en bepaalde voorveronderstellings aangetoon is, is daar afgesluit deur die navorsingsprojek se ontwerp uiteen te sit en te verduidelik.

In **hoofstuk 2** word die wetenskaplike en prakties-teologiese voorveronderstellings en perspektiewe wat van belang is vir die studie en die model wat vir die navorsing gebruik word, bespreek. Die prinsipiële uitgangspunte wat verband hou met wetenskaplike voorvrae, die praktiese teologie en die prediking en liturgie word aan die orde gestel. Hiernaas kom 'n Pneumatologie (waarin die werk van die Heilige Gees in die wêreld beskryf word), 'n prakties-teologiese ekklesiologie (wat 'n visie vir kerkwees behandel en van buite na binne ontwikkel word) sowel as 'n antropologie (wat kyk na die mens binne sy tyd) aan die bod (vgl Burger 1991:83; Pieterse 1993:134; Heitink 1999:66-78). Die eise wat 'n veranderende situasie meebring en vir die studie belangrik is word ook hier beskou en daar word ook verwys na prediking in veranderende omstandighede. Dit word gedoen ten einde 'n raamwerk vir die basisteorie wat volg daar te stel.

In **hoofstuk 3** word 'n basisteorie vir die benutting van die kerklike jaar in en deur die gemeente in haar kommunikatiewe handeling in diens van die evangelie ontwikkel en

prakties-teologiese vertrekpunte asook konsepte wat vir die raamwerk van die empiriese ondersoek belangrik is uitgelig. Die kerklike jaar word omskryf en uiteengesit en Bybelse perspektiewe op en die historiese ontwikkeling van die kerklike jaar asook ander relevante aspekte word bespreek.

In **hoofstuk 4** word 'n empiriese ondersoek, wat bestaan uit kwantitatiewe navorsing na aanleiding van 'n vraelys wat aan predikante van gemeentes van die NG Kerk geops is en verwerk is, gedoen. Die gegewens wat versamel is, word ondersoek, geïntegreer en bespreek. Die metode en instrumente vir die ondersoek word verduidelik en beredeneer. Daar word ook verslag gelewer van die empiriese ondersoek en tendense wat vir die verstaan van die navorsingsprobleem belangrik is, word aangedui. Die huidige stand van sake met betrekking tot die navorsingsprobleem word ook aangetoon.

In **hoofstuk 5** word 'n verstellde praktykteorie voorgestel. 'n Beoordeling van die empiriese resultate vanuit die prinsipiële uitgangspunte word gedoen en nuwe of verstellde konsepte wat benodig word vir 'n relevante praktykteorie om die praxis te rig en lei word geformuleer. Riglyne vir praktiese implementering van die voorstel word ook gedoen en sake vir verdere ondersoek geïdentifiseer.

1.10 SAMEVATTING

Deur hierdie ondersoek wil die navorser op 'n wetenskaplike wyse aandui dat die kerklike jaar 'n belangrike hulpmiddel is in die effektiewe kommunikasie van die evangelie binne die geloofsgemeenskap en die wêreld, veral met betrekking tot die prediking wat die gemeente wil opbou in veranderende omstandighede. Die laaste woord word beslis nie gesê oor die onderwerp nie, maar hopelik word ook ter gelyke tyd bygedra tot die prakties-teologiese gesprek tot verbetering van die kommunikasie van die evangelie en die eer van God, sy koninkryk en sy gemeente.